**Hoogtepunte**

- Inkomste styg met 55%
- Toeskryfbare verdienste 84%
- VPA neem toe met 58%
- Wesensverdienste per aandeel styg met 57%
- Netto batewaarde per aandeel groei met 91%

# Nagegane Groeptussenresultate

## vir die ses maande geëindig 31 Augustus 2007

WEARNE
READYMIX AGGREGATES
WG WEARNE LTD

(Ingelyf in die Republiek van Suid-Afrika)
Registrasienommer 1994/005983/06
JSE-KODE: WEA ISIN: ZAE000078002
("Wearne" of "die maatskappy")

### Verkorte inkomstestaat

| | Nagegane 6 maande geëindig 31 Augustus 2007 R'000 | Nagegane 6 maande geëindig 31 Augustus 2006 R'000 | Geouditeerde 12 maande geëindig 28 Februarie 2007 R'000 |
|---|---|---|---|
| **Inkomste** | **259 107** | **166 942** | **352 500** |
| Koste van verkope | (172 860) | (115 952) | (246 133) |
| **Bruto wins** | **86 247** | **50 990** | **106 367** |
| Ander inkomste | 2 164 | 1 740 | 1 789 |
| Administrasie-onkoste | (31 597) | (26 200) | (48 877) |
| **Verdienste voor rente, belasting, depresiasie en amortisasie ("EBITDA")** | **56 814** | **26 530** | **59 279** |
| Depresiasie | (13 397) | (6 373) | (16 484) |
| **Wins voor rente en belasting** | **43 417** | **20 157** | **42 795** |
| Netto rente betaal | (9 452) | (1 798) | (6 461) |
| **Wins voor belasting** | **33 965** | **18 359** | **36 334** |
| Belasting | (9 692) | (5 173) | (10 252) |
| **Wins toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers** | **24 273** | **13 186** | **26 082** |
| **Rekonsiliasie van wesenverdienste:** | | | |
| Wins toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers | 24 273 | 13 186 | 26 082 |
| Min IRS 16 wins uit verkoop van eiendom, masjinerie en toerusting | (1 054) | (466) | (184) |
| **Wesensverdienste toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers** | **23 219** | **12 720** | **25 898** |
| Geweegde gemiddelde uitgereikte aandele waarop verdienste gegrond word (000) | 145 585 | 125 015 | 131 584 |
| Ten volle verwaterde geweegde gemiddelde uitgereikte aandele (000) (Aantekening) | 150 000 | 130 000 | 136 119 |
| Uitgereikte aandele teen tydperkeinde (000) | 150 000 | 130 000 | 150 000 |
| Verdienste per aandeel (sent) | 16.7 | 10.6 | 19.8 |
| Wesensverdienste per aandeel (sent) | 16.0 | 10.2 | 19.7 |
| Ten volle verwaterde verdienste per aandeel (sent) | 16.2 | 10.1 | 19.2 |
| Volverwaterde wesensverdienste per aandeel (sent) | 15.5 | 9.8 | 19.0 |

**Aantekening:** Altesame 500 000 nuwe Wearne gewone aandele sal ingevolge die verkrygingsooreenkoms van die Tzaneen-groef ("Tzaneen-groefverkryging"), wat op 1 Augustus 2007 in werking getree het, op 30 Junie 2008 uitgereik word, en 500 000 nuwe Wearne gewone aandele sal op 30 Junie 2009 uitgereik word. Die 1 000 000 nuwe Wearne gewone aandele sal teen 500 sent per Wearne gewone aandeel aan die Tzaneen-verkopers uitgereik word.

### Verkorte Balansstaat

| | Nagegane 31 Augustus 2007 R'000 | Nagegane 31 Augustus 2006 R'000 | Geouditeer 28 Februarie 2007 R'000 |
|---|---|---|---|
| **BATES** | | | |
| **Niebedryfsbates** | **355 371** | **110 545** | **269 911** |
| Eiendom, masjinerie en toerusting | 344 068 | 105 561 | 263 896 |
| Klandisiewaarde | 7 419 | 2 419 | 2 419 |
| Ongenoteerde beleggings en assosiate | 3 884 | 2 565 | 3 596 |
| **Bedryfsbates** | **117 495** | **92 579** | **82 047** |
| Voorraad | 21 716 | 9 113 | 13 857 |
| Handels- en ander rekenings ontvangbaar | 93 952 | 58 657 | 58 708 |
| Kontant en kontantekwivalente | 1 827 | 24 809 | 9 482 |
| **Totale bates** | **472 866** | **203 124** | **351 958** |
| **EKWITEIT EN LASTE** | | | |
| **Ekwiteit** | **162 508** | **72 021** | **139 312** |
| Uitgereikte kapitaal | 146 | 125 | 145 |
| Aandelepremie | 76 232 | 23 457 | 77 462 |
| Nie-uitkeerbare reserwes | 68 | - | 19 |
| Opgehoopte wins | 86 062 | 48 439 | 61 686 |
| **Niebedryfslaste** | **201 183** | **63 706** | **132 111** |
| Omgewingsverpligting | 13 855 | 5 677 | 12 794 |
| Gesekureerde lenings | 27 532 | - | 28 117 |
| Afbetalingsverkoopskrediteure | 142 451 | 49 181 | 78 031 |
| Uitgestelde belasting | 17 345 | 8 848 | 13 169 |
| **Bedryfslaste** | **109 175** | **67 397** | **80 535** |
| Handels- en ander betaalbare rekenings | 51 803 | 50 364 | 51 969 |
| Lopende gedeelte van niebedryfslaste | 35 217 | 13 839 | 26 851 |
| Belasting | 5 971 | 3 194 | 1 715 |
| Bankoortrekking | 16 184 | - | - |
| **Totale ekwiteit en laste** | **472 866** | **203 124** | **351 958** |
| Aantal uitgifaandele (000) | 145 585 | 125 015 | 145 466 |
| Netto batewaarde per aandeel (sent) | 111.6 | 57.6 | 95.8 |
| Netto tasbare batewaarde per aandeel (sent) | 106.5 | 55.7 | 94.1 |

### Verkorte State van Veranderings in Ekwiteit

| | Nagegaan 6 maande geëindig 31 Augustus 2007 R'000 | Nagegaan 6 maande geëindig 31 Augustus 2006 R'000 | Geouditeer 6 maande geëindig 28 Februarie 2007 R'000 |
|---|---|---|---|
| Saldo aan begin van tydperk | 139 312 | 58 760 | 58 760 |
| Uitgifte van aandelekapitaal en aandele-uitgifte-uitgawes | (1 230) | 15 | 54 040 |
| Aandeelgebaseerde betalingreserwe | 49 | - | 19 |
| Netto wins vir die tydperk | 24 274 | 13 186 | 26 082 |
| Beleggings-billikewaarde-aanpassing | 103 | 60 | 411 |
| **Saldo aan einde van tydperk** | **162 508** | **72 021** | **139 312** |

### Verkorte Kontantvloeistate

| | Nagegaan 6 maande geëindig 31 Augustus 2007 R'000 | Nagegaan 6 maande geëindig 31 Augustus 2006 R'000 | Geouditeer 6 maande geëindig 28 Februarie 2007 R'000 |
|---|---|---|---|
| Kontantvloei uit bedryfsbedrywighede | 2 458 | 19 567 | 39 763 |
| Kontant vloei uit beleggingsbedrywighede | (97 268) | (47 606) | (216 939) |
| Kontantvloei uit finansieringsbedrywighede | 70 971 | 32 862 | 166 672 |
| **Netto verhoging in kontant en kontantekwivalente** | **(23 839)** | **4 823** | **(10 504)** |
| Kontant en kontantekwivalente aan begin van tydperk | 9 482 | 19 986 | 19 986 |
| **Kontant en kontantekwivalente aan einde van tydperk** | **(14 357)** | **24 809** | **9 482** |

**On spec. On site. On time.**

### Oorsig

Die direksie van Wearne maak met genoeë die nagegane finansiële tussenresultate vir die ses maande geëindig 31 Augustus 2007 ("die tussentydperk") bekend. Hierdie resultate het weer eens die verwagtinge oortref en uitstekende groei getoon.

Die groepinkomste het met 55,2% gestyg tot R259,1 miljoen. Die totale omset het met 136,9% gestyg tot R83,4 miljoen en dié van betonmengsels het met 33,4% gestyg tot R175,7 miljoen.

Die De Bruyn-verkryging van drie sand-en-klipgroewe word nou volledig vir die oorsigtydperk in ons resultate weerspieël. Die prestasie voldoen aan ons verwagtinge en ons sien uit na volgehoue groei.

Die verkryging van die klipgroef in Tzaneen het op 1 Augustus 2007 van krag geword. Die verkryging van die Willowsfountain Quarry (Edms) Beperk se bates in Pietermaritzburg ("die Willowsfountain-klipgroef") is nog nie afgehandel nie omdat een van die opskortende voorwaardes nog nie nagekom is nie. Na verwagting sal dit teen die einde van Oktober 2007 afgehandel wees. Die handelsvoordele van die klipgroefbedrywighede in Tzaneen en Pietermaritzburg sal eers in die volgende finansiële tydperk duidelik word.

### Finansiële resultate

Die groepinkomste het met 55,2% gestyg tot R259,1 miljoen (2006: R166,9 miljoen).

Die bruto wins het met 69% gestyg tot R86,2 miljoen (2006: R51,0 miljoen). Die bruto winsmarges het met 33,3% gestyg, vergeleke met die 30,5% wat vir die ooreenstemmende tydperk behaal is. Die EBITDA het aansienlik gegroei - met 114,2% tot R56,8 miljoen (2006: R26,5 miljoen). Die EBITDA se marges het tot 20,9% (2006: 15,9%) gestyg omdat administratiewe onkoste beter verhaal is en hoër volumes behaal is.

Die depresiasie- en rentekoste het gedurende die oorsigtydperk aansienlik gestyg omdat bykomende masjinerie en toerusting ter waarde van R95 miljoen aangekoop is. Hierdie bedrag sluit bates van R10 miljoen in wat deel is van die verkryging van die Tzaneen-klipgroef.

Die wins toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers van R24,3 miljoen is behaal vergeleke met die R13,2 miljoen vir die ooreenstemmende tussentydperk, en die wesensverdienste toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers het byna verdubbel tot R23,2 miljoen (2006: R12,7 miljoen).

### Vooruitsigte

Heelwat groot kontrakte is aan Wearne toegeken, wat die Groep sal help om die inkomstevlakke vir die res van die jaar konstant te hou ten spyte van die afplatting wat gewoonlik in die boubedryfvakansie in die feestyd voorkom.

Die Direksie kondig met genoeë aan dat Concor Roads, 'n afdeling van Murray & Roberts Holdings Beperk, bykomende kontrakte vir die verskaffing van aggregaat ter waarde van R20 miljoen aan die Groep toegeken het. Die Groep is ook as die voorkeurverskaffer van klaarbeton vir die Legend Gholf-en-Safari-oord in Naboomspruit aangewys. Die totale waarde van die kontrak sal meer as R100 miljoen oor 'n vyfjaartydperk beloop.

Die Direksie het bykomende kapitaalbesteding van R50 miljoen vir masjinerie en toerusting goedgekeur, wat voor die einde van die finansiële jaar aangekoop sal word.

Wearne se vertikale integrasiestrategie sluit in kapitaalbesteding van R20 miljoen vir 'n vervaardiger van voorafgegotebeton-produkte in Polokwane. Verder bestaan daar planne om 'n baksteenfabriek in Bethlehem as 'n gesamentlike onderneming te vestig.

### Na-balansstaat

Aandeelhouers word ingelig dat die verkryging van die Willowsfountain-groef in Pietermaritzburg nog nie onvoorwaardelik is nie. Na verwagting sal dié verkryging teen die einde van Oktober 2007 onvoorwaardelik word en Wearne in staat stel om na KwaZulu-Natal uit te brei.

### Dividendbeleid

Ingevolge die Groep se beleid is geen dividend vir die tydperk verklaar nie.

### Grondslag van opstelling

Die tussentydse resultate is volgens die riglyne van die IRS 34 (Finansiële Tussenverslagdoening) opgestel. Die rekening-kundige beleid waarvolgens hierdie finansiële tussenstate opgestel is, strook met dié van die vorige tussentydperk en die vorige jaareinde en voldoen aan die Internasionale Finansiële Verslagdoenstandpunte.

Hierdie gekonsolideerde finansiële tussenstate inkorporeer die finansiële state van die maatskappy, sy filiale en spesiale-doelentiteite wat in wese deur die groep beheer word. Die resultate van filiale word vanaf die effektiewe datum van verkryging of tot die effektiewe datum van verkoop ingesluit. Alle belangrike transaksies en saldoís tussen groepsondernemings word met konsolidasie uitgeskakel.

Hierdie aankondiging is in ooreenstemming met die Noteringsvereistes van die JSE Beperk opgestel.

### Ouditeursmening

Die ouditeur, Clarke en Patterson, het hierdie tussenresultate nagegaan. 'n Afskrif van hul ongekwalifiseerde nagaanmening lê ter insae by die maatskappy se geregistreerde kantoor.

Op las van die Direksie
18 Oktober 2007

**S J Wearne**
Hoof Uitvoerende Beampte

**O J G Harvey**
Hoof Finansiële Beampte


### KORPORATIEWE INLIGTING

**Nie-uitvoerende direkteure:** B Mkhonto, E Moloi
**Uitvoerende direkteure:** S J Wearne (voorsitter en HUB); J C Wearne; O J G Harvey (HFB)
**Registrasienommer:** 1994/005983/06
**Geregistreerde adres:** Stone Mill-kantoorpark, Acaciaweg 300, Cresta
**Posadres:** Posbus 3422, Randfontein, 1760
**Maatskappysekretaris:** O J G Harvey
**Tel:** (011) 412 3000 • **Faks:** (011) 412 3002
**Oordragsekretaris:** Computershare Investor Services 2004 (Edms) Beperk
**Aangewese adviseur:** Exchange Sponsors (Edms) Beperk


Hierdie resultate en ën oorsig van Wearne is by www.wearne.co.za beskikbaar

**www.wearne.co.za**



